- (3) Die aansoeker moet toesien dat die behoorlik voltooide aansoekvorm en alle dokumente waarna in hierdie regulasies verwys word ingedien word by die kantoor van die Aangewese Polisie-offisier.

3. Dokumente wat aansoek om registrasie moet vergesel

‘n Aansoek om registrasie bedoel in artikel 3 van die Wet moet vergesel word van—

- (a) ‘n verklaring wat bevestig dat—
 - (i) die aansoeker of enige ander persoon bedoel in artikel 5(d) van die Wet nie van registrasie as ‘n handelaar gediskwalifiseer is nie;
 - (ii) die aansoeker onderneem om toe te sien dat voldoen word aan ander wetgewing wat sodanige besigheid of bedryf reguleer.

- (b) 'n gesertifiseerde afskrif van die identiteitsdokument van die aansoeker en elke persoon wat verantwoordelik is vir die bestuur of daaglikse beheer oor die betrokke besigheid;
- (b) die toepaslike diensterekening of huurooreenkoms wat die adres van die perseel waarop die aansoek betrekking het, bevestig;
- (c) dokumentêre bewys van die besigheid se bankrekening;
- (d) 'n afskrif van die aansoeker se vingerafdrukke, of waar meer as een persoon betrokke is in die daaglikse beheer oor die besigheid, 'n afskrif van die vingerafdrukke van elke persoon wat betrokke is;
- (e) waar toepaslik—
 - (i) dokumente wat die aansoeker se oprigting as 'n maatskappy, beslote korporasie, trust, besigheidstrust, vennootskap of enige ander besigheidsvorm bevestig;
 - (ii) 'n gesertifiseerde afskrif van die identiteitsdokument van iedere verantwoordelike persoon;
 - (ii) bewys van die BTW-registrasie;
 - (iii) 'n afskrif van die lidmaatskapsertifikaat wat bevestig dat die aansoeker ten tyde van die aansoek lid van 'n geakkrediteerde handelaarsvereniging is;
 - (iv) die vloerplan van die perseel waarop die aansoek betrekking het; en
 - (v) enige ander dokumente wat die aansoeker ter ondersteuning van die aansoek wil indien, insluitend 'n afskrif van enige sertifikaat of permit wat verband hou met ander wetgewing wat so 'n besigheid of bedryf reguleer.

4. Registrasiesertifikaat en voorwaardes

- (1) Na oorweging van die aansoek, kan die Nasionale Kommissaris 'n registrasiesertifikaat of tydelike registrasiesertifikaat uitreik, na gelang van die omstandighede.
- (2) Die Nasionale Kommissaris kan so 'n handelaar magtig om handel te dryf onderhewig aan enige van die volgende voorwaardes:

- (a) die betrokke handelaar mag slegs sake doen deur handel te dryf met die goedere of klasse van goedere wat op die sertifikaat uiteengesit word;
 - (b) die betrokke handelaar mag alleenlik tweedehandse goedere verkry of daaroor beskik gedurende die besigheidsure wat op die sertifikaat uiteengesit is; en
 - (c) waar so 'n handelaar tweedehandse goedere verkry of daaroor beskik aan ander handelaars of herwinners, dat die betrokke handelaar sodanige goedere alleenlik mag verkry van of oor sodanige goedere beskik na 'n ander geregistreerde handelaar of herwinner.
- (3) Indien die Nasionale Kommissaris tevrede is dat die misdaadtendense in 'n stasiearea of -areas daarop dui dat spesifieke stappe nodig is om die handel in 'n sekere tipe of kategorie van tweedehandse goedere te reguleer, kan hy of sy die magtiging om handel te dryf onderhewig maak aan een of meer van die volgende voorwaardes:
- (a) sodanige handelaar moet 'n daaglikse, weeklikse of maandelikse verslag voorlê aan die Aangewese Polisie-offisier, waarin verslag gedoen word oor alle transaksies met betrekking tot 'n sekere tipe of kategorie van goedere;
 - (b) sodanige handelaar moet 'n afskrif van enige rekords wat gehou moet word kragtens die Wet of as 'n voorwaarde van lidmaatskap van 'n geakkrediteerde vereniging, by die Aangewese Polisie-offisier op 'n daaglikse, weeklikse of maandelikse basis aflewer;
 - (c) sodanige handelaar moet 'n weeklikse of maandelikse verslag aan die aangewese polisiebeampte voorlê met volle besonderhede van enige persoon in die diens van die handelaar, waar sodanige handelaar weet of vermoed, of redelikerwys behoort te weet of te vermoed dat sodanige werknemer gediskwalifiseer sou wees van registrasie in terme van artikel 14 (1) (a), (b), (c) of (e) van die Wet.

- (4) Die Nasionale Kommissaris kan die belangrikste sakebedrywighede van die aansoeker op die registrasiesertifikaat beskryf as dié van 'n—
- (a) algemene handelaar;
 - (b) afslaer;
 - (c) juwelier;
 - (d) motorvoertuighandelaar;
 - (e) skroothandelaar; of
 - (f) herwinner.
- (5) In die geval van 'n handelaar wie se belangrikste sakebedrywighede nie binne een van die kategorieë uiteengesit in (4) val nie, kan die Nasionale Kommissaris 'n registrasiesertifikaat uitreik met 'n beskrywing van die belangrikste sakebedrywighede van so 'n handelaar tesame met sulke voorwaardes as wat hy of sy toepaslik mag vind om voldoening aan artikel 21(2) te verseker.

5. Vertoon en onderhou van lidmaatskapsertifikate

- (1) 'n Handelaar of herwinner wat lid is van 'n geakkrediteerde vereniging moet die lidmaatskapsertifikaat vertoon—
- (a) op 'n prominente plek waar dit duidelik sigbaar is vir die publiek op die perseel; en
 - (b) in die nabyheid van die registrasiesertifikaat beoog in artikel 15 van die Wet
- (2) In die geval waar die handelaar of herwinner lid is van 'n geakkrediteerde vereniging waarvan die lede van enige of al die bepalings van die Wet vrygestel is, moet so 'n handelaar of herwinner in besit wees van 'n afskrif van die Staatskoerant waarin die kennisgewing beoog in artikel 42(2)(b) van die Wet, verskyn.
- (3) Die sertifikaat en kennisgewing beoog in hierdie regulasie moet onderhou word op so 'n wyse dat dit onbeskadig en in 'n leesbare toestand vertoon kan word.

6. Aansoek om hernuwing van registrasie

- (1) Enige persoon wat van voorneme is om kragtens die Wet aansoek te doen vir hernuwing van registrasie as 'n handelaar of herwinner, moet die toepaslike aansoekvorm verkry vanaf die kantoor van die Aangewese Polisie-offisier of vanaf die amptelike Internet-webwerf van die Suid-Afrikaanse Polisie by www.saps.gov.za en dit voltooi en onderteken.
- (2) Die aansoeker moet toesien dat die behoorlik voltooide aansoekvorm tesame met die verklaring en onderneming waarna in (3) verwys word asook alle dokumente wat in hierdie regulasies vereis word, ingedien word by die kantoor van die Aangewese Polisie-offisier.
- (3) Die aansoeker moet tesame met die aansoekvorm—
 - (a) 'n verklaring indien wat bevestig dat—
 - (iii) die aansoeker steeds voldoen aan die Wet en regulasies; en
 - (iv) die aansoeker onderneem om toe te sien dat voortdurend voldoen word aan ander wetgewing wat sodanige besigheid of bedryf reguleer.

7. Tydelike registrasie

- (1) Indien die Nasionale Kommissaris tevrede is dat 'n aansoeker om registrasie as 'n handelaar of herwinner goeie redes aanvoer dat—
 - (a) sodanige aansoeker nie ten tyde van die aansoek kan voldoen aan een of meer van die registrasievereistes nie;
 - (b) versuim om so aan sodanige vereiste te voldoen, nie toegeskryf kan word aan die aansoeker nie;
 - (c) daar 'n redelike vooruitsig is dat die versuim binne 'n tydperk van 12 maande reggestel kan word; en
 - (d) die aansoeker onherstelbare ekonomiese skade sal ly indien sodanige besigheid nie geregistreer kan word nie,kan die Nasionale Kommissaris, onderhewig aan (2), 'n tydelike registrasiesertifikaat aan die aansoeker uitreik.

- (2) 'n Handelaar of herwinner wat met 'n tydelike registrasiesertifikaat uitgereik word, moet 'n maandelikse verslag aan die aangewese polisiebeampte voorlê waarin verslag gedoen word oor die stappe wat hy of sy geneem het om aan die vereiste of vereistes beoog in (1)(a) te voldoen.
- (3) 'n Handelaar of herwinner wat met 'n tydelike registrasiesertifikaat uitgereik is, moet onverwyld aansoek doen om registrasie as 'n handelaar of herwinner sodra daar aan die vereistes beoog in (1)(a) voldoen kan word.
- (4) Die Nasionale Kommissaris kan 'n tydelike registrasiesertifikaat onderhewig aan dieselfde voorwaardes beoog in regulasie 4(2) en (3) uitreik.

8. Aantekeninge deur handelaars

- (1) Onderhewig aan die bepalings van regulasie 9, moet die register bedoel in artikel 21 (1) van die Wet, wesenlik in die formaat wees en die besonderhede vervat soos dit in Aanhangsel "B" tot die regulasies uiteengesit is.
- (2) In gevalle waar 'n handelaar of herwinner aantekeninge in 'n elektroniese formaat hou, moet daardie handelaar of herwinner toesien dat 'n inspekterende polisiebeampte sodanige register kan ondersoek deur toegang te verkry tot die sagteware-program waarmee so 'n elektroniese register bygehou word.
- (3) In gevalle waar 'n handelaar of 'n herwinner aantekeninge in elektroniese formaat hou en in die geval van 'n inspeksie deur 'n polisiebeampte kragtens artikel 28 (1) van die Wet, moet die handelaar, herwinner, eienaar, werknemer of persoon in beheer van die perseel—
 - (a) die polisiebeampte wat die register nasien voorsien van—
 - (i) die mees onlangse sertifikaat bedoel in artikel 28(4)(b)(ii) van die Wet; en
 - (ii) 'n kompakskyf of ander soortgelyke bergingstoestel met 'n elektroniese weergawe van of uittreksel uit die register wat

alle transaksies weergee sedert die mees onlangse
sertifikaat bedoel in (i); en

- (b) voldoen aan enige redelike versoek van sodanige
polisiebeampte om 'n drukstuk met 'n uittreksel van die register
te toon waarin die voorraad aangedui word wat daardie
handelaar of herwinner op hande het by die betrokke perseel.

9. Registers

'n Handelaar of herwinner moet die toepaslike register in Aansluiting "B" hou
wat ooreenstem met die beskrywing van die belangrikste sakebedrywighede
van daardie spesifieke handelaar of herwinner op sy of haar
registrasiesertifikaat.

10. Rapport aangaande valse inligting of gesteelde goedere

- (1) 'n Handelaar of herwinner wat 'n voorval beoog in artikel 22(1) van die
Wet, moet enige fotografiese of ander getuienis ten opsigte van die
persoon wat die valse inligting of die vermoedelik gesteelde goedere
verstrek, behou.
- (2) 'n Polisiebeampte aan wie 'n voorval beoog in subregulasie (1)
gerapporteer word, moet onverwyld by ontvangs van so 'n rapport 'n
inskrywing maak in die voorvalleboek van die polisiestasie waar
daardie beampte werksaam is en 'n reeksnommer aan sodanige
inskrywing toeken.
- (3) Die polisiebeampte moet die betrokke persoon wat die rapport maak
voorsien van die reeksnommer wat toegeken is aan die betrokke
inskrywing in die voorvalleboek, met dien verstande dat die persoon
wat die rapport telefonies maak, die polisiebeampte kan versoek om
daardie reeksnommer telefonies te verskaf.
- (4) In die geval dat 'n handelaar of herwinner van oordeel is dat 'n
persoon wat kabel wat uit beheerde metaal bestaan waarvan die
omhulsel gebrand is te koop aanbied, 'n redelike verduideliking vir die
gebrande omhulsel het, moet daardie handelaar of herwinner 'n

aantekening in die verkrygingsregister maak van sodanige verduideliking.

11. Aansoek om as herwinner te registreer

- (1) Enige persoon wat van voorneme is om aansoek te doen om registrasie as 'n herwinner kragtens artikel 25 van die Wet, moet die toepaslike aansoekvorm verkry vanaf die kantoor van die Aangewese Polisie-offisier of vanaf die amptelike Internet-webwerf van die Suid-Afrikaanse Polisie diens by www.saps.gov.za en die toepaslike deel voltooi en die aansoekvorm onderteken.
- (2) Die aansoekvorm beoog in subregulasie (1) moet wesenlik in die formaat wees en die besonderhede vervat soos dit in Aanhangsel "A" uiteengesit is.
- (3) Die aansoeker moet toesien dat die behoorlik voltooide aansoekvorm en alle dokumente waarna in hierdie regulasies verwys word ingedien word by die kantoor van die Aangewese Polisie-offisier.

12. Dokumente wat aansoek om registrasie as herwinner moet vergesel

'n Aansoek om registrasie as 'n herwinner kragtens artikel 25 van die Wet wat nie gelyktydig met 'n aansoek kragtens artikel 3 van die Wet ingedien word nie, moet vergesel word van—

- (a) 'n verklaring wat bevestig dat—
 - (i) die aansoeker geregistreer is of in die proses van registrasie is as handelaar;
 - (ii) die aansoeker of enige ander persoon bedoel in artikel 5(d) van die Wet nie van registrasie as 'n handelaar of herwinner gediskwalifiseer is nie;
 - (iii) die aansoeker onderneem om toe te sien dat voldoen word aan ander wetgewing wat sodanige besigheid of bedryf reguleer.

- (b) enige ander dokumente wat die aansoeker ter ondersteuning van die aansoek wil indien, insluitend 'n afskrif van enige sertifikaat of permit wat verband hou met ander wetgewing wat so 'n besigheid of bedryf reguleer.

13. Registrasiesertifikaat as 'n herwinner en voorwaardes

- (1) Na oorweging van die aansoek, kan die Nasionale Kommissaris 'n registrasiesertifikaat of tydelike registrasiesertifikaat uitreik, na gelang van die omstandighede.
- (2) Die Nasionale Kommissaris kan so 'n herwinner magtig om handel te dryf onderhewig aan enige van die volgende voorwaardes:
 - (a) die betrokke herwinner mag slegs sake doen deur handel te dryf met die goedere of klasse van goedere wat op die sertifikaat uiteengesit word;
 - (b) die betrokke herwinner mag alleenlik tweedehandse goedere verkry of daarvoor beskik gedurende die besigheidsure wat op die sertifikaat uiteengesit is; en
 - (c) waar so 'n herwinner tweedehandse goedere verkry of daarvoor beskik aan ander handelaars of herwinners, dat die betrokke herwinner sodanige goedere alleenlik mag verkry van of oor sodanige goedere beskik na 'n ander geregistreerde handelaar of herwinner.
- (3) Indien die Nasionale Kommissaris tevrede is dat die misdaadtendense in 'n stasiearea of -areas daarop dui dat spesifieke stappe nodig is om die handel in 'n sekere tipe of kategorie van tweedehandse goedere te reguleer, kan hy of sy 'n herwinner magtig om handel te dryf in daardie tipe of kategorie tweedehandse goedere onderhewig aan een of meer van die volgende voorwaardes:
 - (a) sodanige herwinner moet 'n daaglikse, weeklikse of maandelikse verslag voorlê aan die Aangewese Polisie-offisier, waarin verslag gedoen word oor alle transaksies met betrekking tot 'n sekere tipe of kategorie van goedere;

- (b) sodanige herwinner moet 'n afskrif van enige rekords wat gehou moet word kragtens die Wet of as 'n voorwaarde van lidmaatskap van 'n geakkrediteerde vereniging, by die Aangewese Polisie-offisier op 'n daaglikse, weeklikse of maandelikse basis aflewer;
- (c) sodanige herwinner moet 'n weeklikse of maandelikse verslag aan die aangewese polisiebeampte voorlê met volle besonderhede van enige persoon in die diens van die herwinner, waar sodanige herwinner weet of vermoed, of redelikerwys behoort te weet of te vermoed dat sodanige werknemer gediskwalifiseer sou wees van registrasie in terme van artikel 14 (1) (a), (b), (c) of (e) van die Wet.

14. Wyse van appèllering

- (1) Enige handelaar of herwinner wat van voornemens is om te appelleer teen 'n besluit bedoel in artikel 33 (1) van die Wet, moet 'n verklaring tesame met alle dokumente of afskrifte wat met die aangeleentheid verband hou, per hand of per geregistreerde pos liasseer by die kantoor van die Minister, binne 30 dae vanaf datum van die betrokke besluit.
- (2) Die verklaring in (1) bedoel moet die omstandighede van die appèl tesame met die gronde waarop die appellant staatmaak uiteensit, om die Minister in staat te stel om 'n finale besluit te neem.

15. Misdrywe en strawwe

Enige handelaar of herwinner wat—

- (a) regulasie 5(1)(a), 5(1)(b), 5(2) of 5(3) oortree of versuim om daaraan te voldoen;
- (b) regulasie 7(2) of 7(3) oortree of versuim om daaraan te voldoen;
- (c) regulasie 8(3)(a)(i); 8(3)(a)(ii); of 8(3)(b) oortree of versuim om daaraan te voldoen;

(d) regulasie 10(1) of (4) oortree of versuim om daaraan te voldoen;

is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf van hoogstens 12 maande of beide sodanige boete of gevangenisstraf.

16. Kort titel

Hierdie regulasies heet die Regulasies vir Handelaars en Herwinnaars, 2012 en tree in werking op die datum waarop die Wet op Tweedehandse Goed, 2009 in werking tree.

AANHANGSEL "A"**MINIMUM BESONDERHEDE VIR AANSOEKVORM****1. BESONDERHEDE VAN AANSOEKER**

- 1.1. Naam
- 1.2. ID Nommer / Paspoortnommer
- 1.3. Woonadres
- 1.4. Posadres
- 1.5. Telefoonnommers
- 1.6. e-Pos
- 1.7. SA Burger
- 1.8. Diskwalifikasie (artikel14)

2. BESONDERHEDE VAN BESIGHEID

- 2.1. Besigheidsnaam
- 2.2. Besigheidsadres
- 2.3. Posadres
- 2.4. Telefoonnommers
- 2.5. e-Pos
- 2.6. Geregistreer as Maatskappy / Beslote Korporasie / Trust /Besigheidstrust
- 2.7. Geregistreeerde naam
- 2.8. Handelsnaam
- 2.9. Registrasienommer

3. VERANTWOORDELIKE PERSOON

- 3.1. Naam
- 3.2. ID Nommer / Paspoortnommer
- 3.3. Woonadres
- 3.4. Posadres
- 3.5. Telefoonnommers
- 3.6. e-Pos
- 3.7. SA Burger

4. PERSOON IN BEHEER VAN / VERANTWOORDELIK VIR BESTUUR VAN DIE MAATSKAPPY, BESLOTE KORPORASIE, TRUST OF VENNOOT IN GEVAL VAN 'N VENNOOTSKAP

- 4.1. Naam
- 4.2. ID Nommer / Paspoortnommer
- 4.3. Woonadres
- 4.4. Posadres
- 4.5. Telefoonnommers
- 4.6. e-Pos
- 4.7. SA Burger

5. LIDMAATSKAP VAN GEAKKREDITEERDE VERENIGING

- 5.1. Naam van vereniging
- 5.2. Akkreditasienommer
- 5.3. Verantwoordelike persoon
- 5.4. Kantooradres
- 5.5. Posadres
- 5.6. Telefoonnommers
- 5.7. e-Pos
- 5.8. Lidmaatskapsnommer
- 5.9. Lidmaatskapskategorie

6. BEDRYFSBESONDERHEDE

- 6.1. Algemene handelaar
- 6.2. Afslaer
- 6.3. Juwelier
- 6.4. Motorvoertuighandelaar
- 6.5. Skrootmetaalhandelaar
- 6.6. Herwinner
- 6.7. Ander

7. GOEDERE WAARIN HANDEL GEDRYF SAL WORD

- 7.1. Tipe goedere
- 7.2. Kategorie
- 7.3. Besigheidsure

8. PERSEEL

- 8.1. Tipe perseel
- 8.2. Meer as een perseel
- 8.3. Vloerplan
- 8.4. Herwinningstoerusting

AANHANGSEL "B1-1"
VERKRYGINGSREGISTER: ALGEMENE HANDELAAR

VERKRY VAN	NOMMER TOEGEKEN AAN GOEDERE OF BESKRYWING	PERSOON WAT TRANSAKSIE BAHARTIG	DATUM EN TYD VAN TRANSAKSIE	DATUM WAAROP GOEDERE VERKOOP IS OF WYSE VAN BESIKKING
Volle name:	Fabrikaat	Volle name:	Datum:	Datum:
Identiteitsnommer:	Model:			
Wyse waarop identifikasie bevestig is:	Reeksnommer:	KOOPPRYS	Tyd:	
Kontakadres:	Kommunikasietoerusting: IMEI-nommer:			Wyse van besikking:
Telefoonnommer:	Ander besonderhede:	R		

AANHANGSEL "B1-2"
BESIKKINGSREGISTER: ALGEMENE HANDELAAR

BESKIK OOR AAN	NOMMER TOEGEKEN AAN GOEDERE OF BESKRYWING	PERSOON WAT TRANSAKSIE BAHARTIG	DATUM EN TYD VAN TRANSAKSIE
Volle name:	Fabrikaat	Volle name:	Datum:
Identiteitsnommer:	Model:		
Wyse waarop identifikasie bevestig is:	Reeksnommer:		Tyd:
Kontakadres:	Kommunikasietoerusting: IMEI-nommer:		
Telefoonnommer:			

AANHANGSEL "B2-1"
VERKRYGINGSREGISTER: AFSLAER

VERKRY VAN	PERSOON WAT VEILING BEHARTIG	DATUM EN TYD VAN TRANSAKSIE	DATUM WAAROP GOEDERE VERKOOP IS
Volle name:	Volle name:	Datum:	Datum:
Identiteitsnommer:			
Wyse waarop identiteit bevestig is	Tyd:		Wyse van Beskikking:
Kontakadres:			
Telefoonnommer:			
NOMMER / LOT TOEGEKEN AAN ITEM	VOLLEDIGE BESKRYWING VAN ITEM		KOOPPRYS
	Fabrikaat:		
	Model:		
	Reeksnommer:		
	In geval van kommunikasietoerusting, die IMEI nommer:		
	Voertuig-registrasienommer:		
	Voertuig-uitkenningsnommer:		
	Voertuig-enjinnommer:		
	Voertuig-onderstelnommer:		
	Voertuig-afstandmeterlesing:		
	Voertuig – buite- en bekleedsekleur:		
	Mikrospikkelbesonderhede:		

AANHANGSEL "B2-2"

BESKIKKINGSREGISTER: AFSLAER

BESKIK NA	PERSON WAT VEILING BEHARTIG	DATUM EN TYD VAN VEILING	DATUM VAN VERKOOP
Volle name:	Volle name:	Datum:	Datum:
Identiteitsnommer:			
Wyse waarop identiteit bevestig is	Tyd:		Wyse van Beskikking:
Kontakadres:			
Telefoonnommer:			
NOMMER / LOT TOEGEKEN AAN	VOLLEDIGE BESKRYWING VAN ITEM		
ITEM			
	Fabrikaat:		
	Model:		
	Reeksnommer:		
	In geval van kommunikasietoerusting, die IMEI nommer:		
	Voertuig-registrasienommer:		
	Voertuig-uitkenningsnommer:		
	Voertuig-enjinnommer:		
	Voertuig-onderstelnommer:		
	Voertuig-afstandmeterlesing:		
	Voertuig – buite- en bekleedselkleur:		
	Mikrosipkkelbesonderhede:		

AANHANGSEL "B3-1"
VERKRYGINGSREGISTER: JUWELIER

VERKRY VAN	VOLLEDIGE BESKRYWING VAN ITEM	PERSOON WAT TRANSAKSIE NAMENS HANDELAAR BEHARTIG	DATUM EN TYD VAN TRANSAKSIE	DATUM ITEM VERKOOP OF OOR BESKIK
Volle name:	Foto van item: JA / NEE	Volle name:	Datum:	Datum:
Identiteitsnommer:				
Wyse waarop identiteit bevestig is:		KOOPPRYS	Tyd:	
Kontakadres:		R		Wyse van beskikking
Telefoonnommer:				

AANHANGSEL "B3-2"
BESKIKKINGSREGISTER: JUWELIER

BESKIK OOR AAN	VOLLEDIGE BESKRYWING VAN ITEM	PERSOON WAT TRANSAKSIE NAMENS HANDELAAR BEHARTIG	DATUM EN TYD VAN TRANSAKSIE
Volle name:		Volle name:	Datum:
Identiteitsnommer:			
Wyse waarop identiteit bevestig is:			Tyd:
Kontakadres:			
Telefoonnommer:			

AANHANGSEL "B4-1"
VERKRYGINGSREGISTER: VOERTUIGHANDELAAR

VERKRY VAN	PERSOON WAT TRANSAKSIE HANTEER	DATUM EN TYD VAN TRANSAKSIE	DATUM VAN VERKOOP
Volle name:	Volle name:	Datum:	Datum:
Identiteitsnommer			
Wysse waarop identiteit bevestig is		Tyd:	Wysse van beskikking
Kontakadres			
Telefoonnommer:			
VOLLEDIGE BESKRYWING VAN VOERTUIG			
Fabriekaart			
Model:			
Registrasienuommer:			
Voertuig-identifikasienuommer			
Voertuig-enjinnommer			
Voertuig-onderstelnummer			
Voertuig-afstandmeterlesing			
Voertuig – buite- en bekleedselkleur			
Mikroskopieske besonderhede:			
Ander kenmerke:			
		BESKIKKINGSREGISTER - VERWYSINGSNUMMER	KOOPPRYS

AANHANGSEL "B4-2"

BESIKKINGSREGISTER: VOERTUIGHANDELAAR

BESKIK OOR NA		PERSOON WAT TRANSAKSIE HANTEER	DATUM EN TYD VAN TRANSAKSIE	DATUM VAN VERKOOP
Volle name:		Volle name:	Datum:	Datum:
Identiteitsnommer				
Wysse waarop identiteit bevestig is		Tyd:		Wysse van beskikking
Kontakadres:				
Telefoonnommer:				
VOLLEDIGE BESKRYWING VAN VOERTUIG			VERWYSINGSNOMMER	KOOPPRYS
Fabrikaat				
Model:				
Registrasienommer:				
Voertuig-identifikasienommer				
Voertuig-enjinnommer				
Voertuig-onderstelnommer				
Voertuig-afstandmeterlesing				
Voertuig – buite- en bkeleedsekleur				
Mikrospikkelbesonderhede:				
Ander kenmerke:				

AANHANGSEL "B5-1"
VERKRYGINGSREGISTER: SKROOTMETAALS

VERKRY VAN:	VOLLEDIGE BESKRYWING VAN ITEM	PERSOON WAT TRANSAKSIE NAMENS HANTEER	DATUM EN TYD VAN TRANSAKSIE	DATUM ITEM VERKOOP EN WYSE VAN BESIKKING
Volle name:	Gewig: Foto van goed: JA / NEE	Volle name:	Datum:	Datum:
Identiteitsnommer:				Wyse van besikking:
Wyse waarop identiteit bevestig is		KOOPPRYS	Tyd	
Kontakadres		R		
Voertuigregistrasie:				
Telefoonnommer				
Wanneer die item kabel is waarvan die omhuisel gebrand is, die verduideliking wat deur die verkoper gegee word vir die gebrande omhuisel:				

AANHANGSEL "B5-2"
BESIKKINGSREGISTER: SKROOTHANDELAARS

BESIK OOR AAN	GEWIG EN VOLLEDIGE BESKRYWING VAN GOEDERE	PERSOON WAT TRANSAKSIE NAMENS HANDELAAR BEHARTIG	DATUM EN TYD VAN TRANSAKSIE
Volle name:	Gewig: Foto van goed: JA / NEE	Volle name:	Datum:
Identiteitsnommer:			Tyd:
Wyse waarop identiteit bevestig is			
Kontakadres			
Voertuigregistrasie:			

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Publications: Tel: (012) 334-4508, 334-4509, 334-4510
Advertisements: Tel: (012) 334-4673, 334-4674, 334-4504
Subscriptions: Tel: (012) 334-4735, 334-4736, 334-4737
Cape Town Branch: Tel: (021) 465-7531

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001
Publikasies: Tel: (012) 334-4508, 334-4509, 334-4510
Advertensies: Tel: (012) 334-4673, 334-4674, 334-4504
Subskripsies: Tel: (012) 334-4735, 334-4736, 334-4737
Kaapstad-tak: Tel: (021) 465-7531